

Mej Dwerגיע SA kuier by Ontbytsake



Mej Dwerגיע SA 2017, Bernadine Coetzer, oud-Heilbronner en -leerder van Hoërskool Heilbron, het oor die naweek gestraal op die TV. Bernadine was op die bekende TV kanaal, KykNet te sien gewees tydens 'n onderhoud met Ontbytsake. Hulle beskryf haar as 'n dinamiet in 'n klein pakkie. Sy woon tans in Heidelberg waar sy kuns gee by die Pienkie Pienkie skool. Bernadine laat niks haar onderkry nie en pak elke dag voluit aan.

Foto links: Bernadine Coetzer. Foto erkenning: Dawie Fourie Fotografie
Foto regs: Bernadine Coetzer en Dawie Roodt van Ontbytsake. Foto erkenning: Facebook

Op die foto agter vl: Bennie Coetzer, Dawie Roodt, Leon Gropp en Ina Coetzer. Voor vl: Renette Vosloo, Bernadine Coetzer en Eloise Cupido. Foto erkenning: Facebook

Huis- en Tuinbouklub

Die Huis- en Tuinbouklub het Woensdag by Fraaihuis Kwekery vergader. Welma Jurgens van Protek het al die pad van Brits af gekom om in die dag te kom deel. Jurgens het die dames met die groenvingers meer kom vertel en ingelig oor Clivias.

Daar is bespreek hoe om hulle te hanteer, hoe om hulle te plant, hoe om hulle sade te oes en water voeding hulle benodig.

Die plaë en peste wat die plant kan beïnvloed is ook bespreek. Clivias is plante wat in skaduwees groei, volskadu is dus die ideale plek vir hulle.

Clivias kan in blompotte uitgeplant word en kan ook dien as binnenshuise plante. Goeie potgrond moet gebruik word en baie kompos is ideaal. Dit help ook om die grond lekker vogtig te hou. Indien Clivias in potte

geplant word moet die potte goeie dreineringsê!

Clivias kan verplant word in Oktober en November maande. Indien die plant se sade geoes moet word, los die blomme aan die Clivias tot in Maart wanneer dit ryp genoeg is om te oes. Die sade sal rooi verkleur en somer amper wil afval. Hierdie tyd van die jaar is ideaal om die Clivias te voed. Enige voeding wat ryk is aan kalium word voorgestel.

Augustusmaand kan die volgende toediening plaasvind. Volg die duidelike instruksies agter op die voedingsverpakking voor toediening. Clivias moet in wintermaande slegs een keer 'n maand met ligte sproei op hul blare water kry. In die somer kan hulle diepwater kry, ongeveer elke tweede week.



Op die foto bo van die Tuinboulede wat aandag sit en luister.




Op die foto voor: Ria Viljoen. Agter: Wilna de Bruin, Ina Lombaard, Elbie Els, Rinette Naude en Welma Jurgens.

Dienssentrum sluit af met 'n fliëkdag



Heilbron Dienssentrum se lede sit reeds vasgenael voor die groot skerm, die projektor gereed sodat hulle 'n fliëk kan kyk. Op hierdie noot sluit die Dienssentrum af met 'n fliëkdag net voor 'n lekker vakansie wat in die vooruitsig is. Met 'n pakkie "bioskoop-kos" in die hand, is almal reg vir die fliëk om te begin. Die Dienssentrum sluit dus môre en heropen weer op 9 April 2019 vir die tweede kwartaal. Op die foto verskyn Joggie van Vreden, Susan Smit en Caryl Loots.



HEILBRON HERALD - VRYDAG, 25 JULIE 2003 - Leeuwelpies op Heilbron gebore. RJ Muller hou trots vier leeuwelpies wat hierdie week aangekom het, vas. Dit is die eerste werpsel leeutjies wat in Heilbron gebore is.